

God in jou god-plek?

Eksodus 20:1-3 & Rom 1:18-25

Inleiding

- Wat is in jou god-plek?
- 'n Paar vrae kan jou help om te verstaan wat ek bedoel:
 - Wat maak elke dag die moeite werd vir jou?
 - Wat laat jou voel jy is kosbaar, jy beteken iets?
 - Wanneer het jy gevoel als val uit mekaar uit...
 - ...die lewe is so goed soos verby?
- Vrae soos hierdie wat jy eerlik antwoord,
 - Help jou verstaan waarvoor jy eintlik lewe
 - ... wie of wat eintlik jou God is.

Agtergrond

- Ons het verlede week ontdek
 - hoe die 10 gebooie soos 'n pad is wat ons na Jesus toe druk.
 - Omdat ons in hierdie wette sien hoe fantasties God is
 - en hoe pateties ons is.
- Vandag gaan ons 'n baie praktiese kant van God se wet ontdek:
- Ons gaan ontdek
 - wat dit beteken om God in die god-plek van jou lewe te hê,
 - hoe jy kan dink God is in die god-plek, terwyl Hy dan eintlik nie is nie.

- En die gevolge vir Vanderbijl as God in die god-plek van jou lewe is.

God in die God-plek

- Die heel eerste ding wat God vir Israel in die 10 wette sê:
 - is dat Hy in die god-plek van hulle lewe moet wees:
“Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het. Jy mag naas My geen ander gode hê nie.” [Eks 20:2,3]
- Nou hoekom sit God Homself juis hiermee in die god-plek van hulle lewe?
 - Daarvoor moet ons dalk eers verstaan
 - wat 'n god en 'n god-plek is.
- 'n god speel in alle wêreld kulture min of meer dieselfde rol.
 - 'n god is daai ding of saak of sisteem
 - Waarvan mense goeie dinge verwag
 - en waarheen hulle draai vir hulp en oplossings
 - vir wat hulle ook al kort en waarvoor hulle ook al bang is.
- Rom 1:21 beskryf 'n afgod as
 - iets wat jy vereer [die belangrikste plek in jou lewe gee]
 - en vertrou [op staat maak] om te help.
- Wat God hier doen, is om vir Israel te sê:
 - “Sien nou raak, ek is die goeie God wat julle gered het uit Egipte, ...Ek verdien die God-plek waarheen julle moet draai.”

- En kyk nou baie mooi...
 - die res van die gebooie gaan eintlik oor gedrag van mense wat nie na God toe draai in hulle bang nie.
 - bang hulle het te min ...en steel dan
 - bang hulle is te min en onbelangrik ...en lieg dan
 - bang hulle ouers se raad is nie goed nie ...en is ongehoorsaam
 - bang hulle word te min liefgehe ..en soek dan liefde by 'n ander man se vrou
 - bang hulle gaan te min kry ...en werk dan 7dae 'n week oor 'n mik
 - bang dat wat hulle het gee nie die bewondering wat die buurman vir sy Quad of Jetski kry nie.

- Eintlik... bang dat wie God is en wat Hy gee,... nie genoeg of so goed of lekker is as wat hulle self kan reël nie
 - is dit op 'n diep vlak dalk in jou hart?
 - x 2
 - Sien, gebod 2-10 word eers regtig gebreek nadat ons gebod 1 breek:
 - as ons die beste God in die god-plek verwerp,
 - bang dat
 - Hy nie so goed is as wat Hy sê Hy is nie.
 - Hy nie my lewe gaan reël soos ek dit sien uitspeel nie

- Die Bybel se idee van afgodery
 - is nie dat dit maar een sonde tussen baie ander is
 - en wat net primitiewe mense met bene deur hulle neus met standbeelde doen nie.
 - Elke keer wat jy daarin misluk om God te vertrou en te doen wat reg is

- is gewortel in jy wat iets anders belangriker maak as God vir die oomblik.
- iets anders gaan vir jou beter wees of gee as God.

○ Dit is altyd die rede van enige sonde.

- Sonde is nie 'n wet issue nie, dis 'n verhoudings issue.

- Romeine 1:21-25, wys hoe die 10 gebooie juis oor dit gaan:

²¹omdat, al weet hulle van God, hulle Hom nie as God eer en dank nie [gee Hom nie die god-plek nie]. Met hulle redenasies bereik hulle niks nie, en deur hulle gebrek aan insig bly hulle in die duister. ²²Hulle gee voor dat hulle verstandig is, maar hulle is dwaas. ²³In die plek van die heerlijkheid van die onverganklike God stel hulle beelde wat lyk soos 'n verganklike mens of soos voëls of diere of slange.

²⁴Daarom gee God hulle aan die drange van hulle hart oor en aan sedelike onreinheid, sodat hulle hulle liggame onder mekaar onteer. [intimiteit met God ruil v intimiteit met mense]

²⁵Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen [dat Hy goed en betroubaar is ruil vir dat hy nie goed en betroubaar is nie]. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom vir ewig. Amen.

- So, jy het 'n afgod as
 - jy jou hoop, drome, geluk, vrede en toekoms bou
 - rondom gemaakte goeters en nie die Maker van die goeters nie.
- Dis hoekom God heel eerste met sy bekendstelling aan Israel sê:
 - 'Ek is jou redder, jy het niks anders nodig nie'

- en Jesus wat met sy dood en opstanding vir hierdie ontrouheid van mense betaal en sê:
 - 'Ek het jou lief, jy hoef niks te doen vir my liefde nie'.
- In wese is die 1ste gebod en die boodskap oor Jesus dieselfde boodskap
 - van dieselfde Goeie God wat goed genoeg is
 - om slegte mense soos ons se dors na liefde en versorging te les
 - sodat ons nêrens anders heen hoef te draai om ons dors te les nie!

(Vgl. die vlgde NT tekste hieroor: Ef. 5:5; Flp. 3:19; Kol. 3:5, vgl. Mt. 6:24; 1 Jh. 5:20.)

- Dis hoekom die seer daar is:
 - wanneer die verhouding nie werk nie,
 - of die leuens kom uit,
 - of die selfoon raak weg,
 - of die geld raak op...
 - of jy het nie werk nie
 - dan voel dit soos die einde van jou wêreld,
 - vir die eenvoudige rede omdat daardie ding jou wêreld was.
 - Dis hoekom die dinge wat so seer maak,
 - so seer maak
 - dat jy eerder wil ophou bestaan as om daarsonder te gaan.
- Maar ...God wil al jou seer en teleurstelling keer

- met hierdie eerste gebod en Jesus se offer van liefde aan die kruis.
- Dis die plekke waar sy liefde en goedheid vir jou skitter.
- En die beste wat Hy vir ons kan doen, is om Homself vir ons te gee:
 - met die boodskap... ek is vir jou lief, moenie bang wees nie...
 - ek is genoeg...
 - ek sal jou ook in die nuwe situasie gebruik in my koninkryk waar ek wil,
 - nie noodwendig hoe jy dit sien uitspeel nie
- IS DIT NIE MAAR DIE STORIE VAN ALMAL IN DIE BYBEL NIE
 - veral Josef se pad...
- En die beste wat ons kan doen,
 - is om God in hierdie waarheid vas te gryp
 - en te vertrou in die god-plek van ons lewens
 - waar ons in sy diens is en nie Hy in ons diens nie.
- Maar daar is 'n geval waar jy selfs kan omdraai om God in die god-plek van jou lewe te hê,
 - ...sonder dat dit eintlik gebeur.

God is nie jou God nie as

- Ons sien dit veral die slag duidelik as dit wat wel in die god-plek van jou lewe was ...in jou gesig ontplof:
- Kom ons vat werk as 'n voorbeeld
- Hulle het jou laat weet dis jou laaste maand
 - Jy is stukkend.

- wat van die rekeninge
 - die kar
 - die huis
 - die kinders
 - Jy draai na God toe.
 - Jy bid.
 - Bely jou sonde.
 - Vra dat God jou vergewe.
 - Ruk jou lewe reg.
 - ...en vra dan vir God om jou werk of besigheid te red.
- God is dan nog steeds nie jou God nie!
 - Jou werk en geld is nog jou God.
 - Werk en geld is nog steeds dit wat jy hoop
 - jou sal versorg
 - jou suksesvol sal laat voel.
 - Of enigiets anders... verhoudings, gesondheid...
 - as jy dit net kan terugkry.
 - ...dan is als weer OK
 - God?... god is dan nog net jou slaaf.
 - Jy het nou allerhande dinge bietjie reg gedoen
 - om God op 'n plek te kry waar jy sy arm kan draai om jou afgod vir jou terug te gee.
 - Maar God gee nie sy god-plek weg nie...
 - en laat Hom allermens gebruik om vir jou 'n afgod terug te gee [Jes. 42:8].
 - Dis dood seer omdat jou afgod dood is,
 - maar... die beste ding wat God kan doen
 - ... is om nie vir jou te gee wat jy wil hê nie...
 - totdat jy ontdek dat Hyself die beste is wat jy kan hê

- en waar Hy jou vat die beste is om te wees.
- Totdat God nie jou bewondering, vereering **en vertrou** het,
 - net omdat Hy goed is, die beste is en volmaak is... en lief is vir 'n skepsel soos jy nie...
 - is God nie jou God nie.
- Maar wanneer is Hy dan wel jou God?
 - En wat verander dit...

Die gevolge vir Vanderbijl

- God is weer regtig jou God... as God regtig jou God is.
 - As jy na Hom toe draai in al jou bang, onsekerheid en seer net
 - omdat Hy goed is
 - en jy Hom vertrou om te doen wat goed is
 - en jou te gebruik om sy goedheid deur jou pyn net nog duideliker te maak.
- Dit is vir hierdie werk wat God Israel mos uit Egipte geroep het.
 - Dis hoekom Hy die 10 gebooie gegee het.
 - Om priesters te wees wat sy goedheid vir die wêreld wys [vgl. Eks 19:4-6 & 1Pet 2:9,10].
 - In weelde en in ongeluk
- Sien... jy is gemaak vir Hom, nie Hy vir jou nie.
 - Ons is gemaak om vir Vanderbijl te wys dat
 - dit uitmekaar val omdat dit Hom nie ken of vertrou nie.

- Vir jou vriende wat seer het omdat hulle afgode een na die ander in hulle gesig ontplof.
- Vanderbijl en sy mense bou hulle lewens om goeters en nie om God nie.
 - En niks is so goed soos God nie.
 - Enigiets ander sal jou, seermaak en teleurstel.
- Beteken dit dat werk sleg is?
 - Is verhoudings sleg?
 - Is geld en ambisie sleg?
 - Is 'n goeie loopbaan sleg?...
- Nee, maar daardie goed is eers werklik fantasties en 'n seëning vir jouself en Vanderbijl
 - as jy dit geniet soos en waarvoor God dit gegee het:
 - 'n kanaal om Hom wonderlik te maak in die oë van die wêreld.
 - Eerder as 'n kanaal om jouself wonderlik te maak.
- As God in die god-plek van jou lewe is verander als.
 - Al die kanale wat jy gebruik het om liefde/bewondering te kry wat jy kort,
 - word eerder kanale om liefde te gee wat ander kort.
- Jy kyk en lewe nie in nie... maar uit.
 - Selfs jou godsdienste en die dinge van Trinitas se bediening
 - bestaan nie meer vir jou as 'n iets om vrede voor God te hê nie...
 - maar as iets om God se vrede vir ander te gee.

Slot

- Sien jy God se goedheid so duidelik raak dat jy oor jou voete val om Hom die god-plek van jou lewe te gee?
 - Of is Hy maar iemand met wie jy speel om jou werklike god in die hande te kry?

- Die 10 gebooie maak dalk meer saak as wat jy dink
 - Dit wys dat jou sonde nie so seer oor wette gaan
 - as oor die waarheid van jou verhoudinge
 - met God,
 - jouself
 - en die dinge rondom jou.

- Die wet praat die waarheid oor God, oor onself en oor ons god-plekke...
 - en die waarheid bring ons net by Jesus uit.

- Die goeie God met sy goeie boodskap van liefde vir slegte mense soos ons wat Hy as werkers vir Homself wil gebruik:
 - Duidelik by die redding uit Egipte,
 - duidelik in die wet
 - en die duidelikste in Jesus se selfopoffering.

- Vertrou God in jou god-plek
 - En dit beteken: begin na Hom luister
 - dan
 - ...kom daar vrede en rus in ons
 - ...verander ons 'kry-kanale' in gee kanale...
 - ...en kan Vanderbijl begin verander.

Amen

Griffel van Wyk ~ Trinitas ~ 20 September 2015